#### **Toelatingsvereistes vir leerder wat hul voorgraadse studies aan ander skole of fakulteite van die NWU of ander geakkrediteerde universiteite voltooi het:**

- b. Studente van ander skole of fakulteite van die NWU sowel as studente vanaf ander erkende universiteite sal moet aansoek doen vir erkenning van vorige leer (EVL). Uitkomst van die voltooide modules in die aansoekers se voltooide graad sal vergelyk word met dié aangebied in hierdie kwalifikasie. Krediet sal gegee word vir modules wat soortgelyk is aan dié genoem in (a) hierbo. Studente wat aansoek doen vir EVL moet aan die relevante skool of departement 'n gesertifiseerde kopie van sy/haar studierekord, sowel as die uitkomst gedek in sy/haar voltooide graad, verskaf.
- c. Die toelatingsvereistes soos genoem in (a) hierbo is ook hier van toepassing. Die aansoeker moet ook reeds sy/haar voorgraadse kwalifikasie voltooi het.

EN

<b>EERSTE SEMESTER</b>		
<b>MODULEKODE</b>	<b>KR</b>	<b>Beskrywing</b>
IOPS611	8	Psigometrika
IOPS612	8	Psigologiese Evaluering & Forensiese Sielkunde
IOPS613	8	Organisasiegedrag
IOPS614	8	Navorsingsmetodologie
IOPS615	8	Loopbaansielkunde
IOPS616	16	Werkwelstand
IOPS617	8	Organisasie-ontwikkeling
IOPS618	8	Outentieke Hulpverlening
<b>TOTAAL KREDIETE</b>	<b>72</b>	
<b>TWEEDE SEMESTER</b>		
HRMA622	8	Mensekapasiteitsontwikkeling
HRMA623	16	Mensehulpbronbestuurstrategieë
IOPS622	16	Navorsingsverslag
IOPS624	48	Gevorderde praktiese werk
<b>TOTAAL KREDIETE</b>	<b>88</b>	
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM</b>	<b>160</b>	

E.8.4.3.4 504121: E662P

HONS BCOM MENSEHULPBRONBESTUUR  
(VOLTYDS)

EN

E.8.4.3.5 102151: E663P

HONS BA MENSEHULPBRONBESTUUR (VOLTYDS)

<b>EERSTE SEMESTER</b>		
<b>MODULEKODE</b>	<b>KR</b>	<b>Beskrywing</b>
HRMA612	8	Psigologiese Evaluering, Werwing, Keuring en Plasing
IOPS613	8	Organisasiegedrag
IOPS614	8	Navorsingsmetodologie
IOPS615	8	Loopbaansielkunde
IOPS616	16	Werkwelstand
IOPS617	8	Organisasie-ontwikkeling
IOPS618	8	Ouentieke Hulpverlening
LARM611	8	Bedryfsosiologiese teorieë
<b>TOTAAL KREDIETE</b>	<b>72</b>	
<b>TWEDE SEMESTER</b>		
HRMA621	16	Praktiese werk
HRMA622	8	Mensekapasiteitsontwikkeling
HRMA623	16	Mensehulpbronbestuurstrategieë
IOPS622	16	Navorsingsverslag
LARM623	16	Toegepaste arbeidsverhoudinge
LARM624	16	Kollektiewe bedinging en onderhandeling
<b>TOTAAL KREDIETE</b>	<b>88</b>	
<b>TOTALE KREDIETE</b>	<b>160</b>	

E.8.4.3.6 504122: E664P

HONS BCOM ARBEIDSVERHOUDINGE

EN

E.8.4.3.7 102152: E665P

HONS BA ARBEIDSVERHOUDINGE

<b>EERSTE SEMESTER</b>		
<b>MODULEKODE</b>	<b>KR</b>	<b>Beskrywing</b>
IOPS 613	8	Organisasiegedrag
IOPS 616	16	Werkwelstand
IOPS 617	8	Organisasie-ontwikkeling
LARM 611	8	Bedryfsosiologiese teorieë en sosiale verandering
LARM 614	8	Navorsingsmetodologie
LARM 615	16	Gevorderde arbeidsverhoudinge
LARM 616	16	Arbeidsmarkbeginsels
<b>TOTAAL KREDIETE</b>	<b>80</b>	
<b>TWEDE SEMESTER</b>		
HRMA 622	8	Mensekapasiteitsontwikkeling
HRMA 623	16	Mensehulpbronbestuurstrategieë
LARM 621	16	Groepdinamika
LARM 622	16	Navorsingsverslag
LARM 623	16	Toegepaste arbeidsverhoudinge
LARM 624	16	Kollektiewe bedinging en onderhandeling
<b>TOTAAL KREDIETE</b>	<b>88</b>	
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM</b>	<b>168</b>	

## **E.8.4.4 SKOOL VR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE**

### **E.8.4.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

#### **E.8.4.4.1.1 GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP**

Om tot die BCom Hons (GR) toegelaat te word, moet die student

- a) In besit wees van 'n BCom-, BRek- of ekwivalente graad soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur. Hierdie graad moet, as 'n minimum, die volgende modules (of ekwivalente kursusse) insluit: Rekeningkunde, Ouditkunde, Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur, en Belasting, almal op derdejaarsvlak m.a.w. NKR-vlak 7; EN
- b) Die student moes 'n gemiddeld van minstens 57% in elk van Rekeningkunde, Ouditkunde, Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur, en Belasting in sy/haar finale jaar behaal het. Indien enige van die bogenoemde modules geslaag is by wyse van aanpassing of kondonering (insluitend deur die gebruikmaking van 'n "derde geleentheid" eksamen), sal toelating afgekeur word; OF
- c) 'n Student wat enige BCom-graad anders as 'n BCom (GR) of ekwivalent daarvan behaal het, behoort eers die BCom Hons (Finansiële Rekenmeesterskap) te behaal ten einde tot die BCom Hons (GR) toegelaat te word. Dieselfde persentasie-vereistes as wat in paragraaf (b) hierbo genoem is, sal dan geld; OF
- d) Studente wat die BCom (Forensiese Rekenmeesterskap) by die NWU voltooi het, mag vir toelating aansoek doen indien hulle die volgende bykomende modules geslaag het: Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur op beide tweede- en derdejaarsvlak, sowel as Strategie, Risikobestuur en Kontrole op derdejaarsvlak. Bykomend hiertoe, moes die student ook aan die vereistes van paragraaf (a) en (b) hierbo voldoen; OF
- e) Studente wat die BCom Hons (Forensiese Rekenmeesterskap) by die NWU voltooi het, mag vir toelating aansoek doen indien hulle die volgende bykomende modules geslaag het: Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur op beide tweede- en derdejaarsvlak, sowel as Strategie, Risikobestuur en Kontrole op derdejaarsvlak. Bykomend hiertoe, moes die student 'n gemiddeld van minstens 57% in Rekeningkunde, en 'n gekombineerde gemiddeld van 57% vir Ouditkunde, Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur, en Belasting op derdejaarsvlak behaal het. Vir hierdie doel sal die toepaslike modules in die BCom Hons (Finansiële Rekenmeesterskap) as ekwivalent aan die derdejaar GR-modules beskou word; EN
- f) Die modules waarna in paragraaf (b) verwys word, moes in die onmiddellik-voorafgaande jaar, of in die jaar voor dit, geslaag gewees het (m.a.w. in die twee jare wat inskrywing vir die BCom Hons (GR) voorafgaan). Indien enige van hierdie modules langer as twee jare gelede geslaag is, word die persentasie-vereistes wat in paragraaf (b) genoem is, na 65% vir elke geaffekteerde vak verhoog. Indien enige van hierdie modules langer as drie jaar gelede geslaag is, mag daar van die student vereis word om 'n toelatingstoets te skryf; alternatiewelik sal die aansoek afgekeur word; EN
- g) Indien die aansoeker voorheen by 'n ander universiteit gestudeer het, mag strenger vereistes toegepas word; OF
- h) Voorheen onsuksesvolle studente wat die BCom Hons (GR) wil herhaal, mag toegelaat word om een keer so te doen, maar slegs indien hul ten

minste 45% vir drie van die vier modules en ten minste 40% vir die verdie een behaal het, of reeds die BCom Hons (Finansiële Rekenmeesterskap) behaal het; OF

- i) Aansoekers wat voorheen, maar nie meer as een keer nie, gepoog het om die Sertifikaat in die Teorie van Rekenmeesterskap (STR) of ekwivalent aan 'n ander universiteit te behaal, mag tot die BCom Hons (GR) toegelaat word indien die aansoeker ten minste 45% vir drie van die vier hoofvakke en ten minste 40% vir die verdie een behaal het; EN
- j) 'n Aansoek moet op die voorgeskrewe vorm aan die programleier van die Program vir Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding (GR) op of voor 30 November van die jaar wat studies in die BCom Hons (GR) voorafgaan, gemaak word; EN
- k) Die aantal studente wat toegelaat kan word, is beperk tot die beskikbare kapasiteit. Die aansoeker se gemiddelde punt vir die vier vakke in paragraaf (b) genoem, mag 'n beslissende oorweging wees. Voorkeur sal gegee word aan studente wat in die jaar wat die BCom Hons (GR) voorafgaan by hierdie universiteit gestudeer het, en daarna aan ander aansoekers; OF
- l) Aansoekers wat nie aan die toelatings- of hertoelatingsvereistes voldoen nie, mag aangeraai word om 'n geskikte oorbruggingsprogram te volg, bv. die Honneurs BCom (Finansiële Rekenmeesterskap).

#### **E.8.4.4.1.2 FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP**

- a) Om tot die Hons. BCom (Finansiële Rekenmeesterskap)-graad toegelaat te word, moet die student in besit wees van 'n B.Com- of ander graad, soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur, met die volgende modules (of kursusse gelykwaardig hieraan), naamlik Finansiële Rekeningkunde (ACCF311, 321); Inkomstebelasting (TAXF311, 321); Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur (MACC311, FINM321); Ouditkunde (IAUD211, 221, 321) en Handelsreg (MLAW121, 311). Vir ACCF311, 321 en TAXF311, 321 of gelykwaardige kursusse word 'n gemiddelde modulepunt van 60% en vir MACC311/FINM321 'n gemiddelde modulepunt van 55% vereis en die res 50%.
- b) Vir toelating tot hierdie graad moet op die voorgeskrewe vorm by die Programleier van die Program vir Finansiële Rekenmeestersopleiding aansoek gedoen word voor die aanvang van die akademiese jaar.
- c) Suksesvolle afhandeling van hierdie Hons BCom (Finansiële Rekenmeesterskap)-graad kan aan 'n student toelating tot die Hons BCom (Geoktrooieerde Rekenmeesterskap)-graad verleen. Dieselfde persentasievereistes soos in paragraaf (b) by Geoktrooieerde Rekenmeesterskap vermeld (E8.4.4.1.1 (b)), sal dan geld

#### **E.8.4.4.1.3 BESTUURSREKENINGKUNDE:**

Die vereiste is vir MACC311 en FINM321 60% elk en 'n gemiddeld van 60% vir ACCF311 en 321 (of 50% vir ACC371).

Die program sal slegs deelyds aangebied word indien daar volgens die komitee genoeg suksesvolle aansoekers is.

#### **E.8.4.4.1.4 FORENSIESE REKENMEESTERSKAP**

Die student moet 'n gemiddeld van minstens 55% in Forensiese Rekeningkunde en minstens 55% in Rekeningkunde in die finale jaar hê om aansoek te doen vir die Honneurs BCom in Forensiese Rekenmeesterskap.

## E.8.4.4.2

504123: E630P

**HONS BCOM GEOKTROOIEERDE  
REKENMEESTERSKAP (VOLTYS)**

<b>JAARMODULES</b>		
<b>MODULEKODE</b>	<b>KR</b>	<b>Beskrywing</b>
RECP 671	48	Gevorderde finansiële rekeningkunde
RECP 672	48	Gevorderde ouditkunde
RECP 673	48	Gevorderde belasting
RECP 674	48	Gevorderde bestuursrekeningkunde en finansiële bestuur
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM</b>	<b>192</b>	

## E.8.4.4.3

504124: E635P

**HONS BCOM FINANSIËLE REKENMEESTER-  
SKAP (VOLTYS EN DEELTYS)**

(Hierdie kurrikulum het in 2014 begin)

<b>JAARMODULES</b>		
<b>MODULEKODE</b>	<b>KR</b>	<b>Beskrywing</b>
REIP 671	32	Gevorderde Belasting en Trusts
REKP 671	32	Gevorderde IFRS en Groepstate
REKP 674	32	Oudit en Korporatiewe Beheer
REKP 675	32	Finansiële Bestuur en Strategie
REKP 676	32	Toegepaste Navorsing in Finansiële Rekenmeesterskap
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM</b>	<b>160</b>	

Eksamen-toelatingsvereiste vir individuele modules: 40% deelnamepunt aan die einde van Junie Deeltydse klasse word net in Engels aangebied.

**MODULE VERANDERING: FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP (vanaf 2014)**

<b>Ou Module</b>	<b>Kr</b>	<b>Staak</b>	<b>Nuwe Module</b>	<b>Kr</b>	<b>Begin</b>
REKP672	32	Des 2013	REKP674	32	Jan 2014
REKP673	32	Des 2013	REKP676	32	Jan 2014
BRKP671	32	Des 2013	REKP675	32	Jan 2014

**E.8.4.4.4 504125: E636P HONS BCOM BESTUURSREKENMEESTERSKAP (VOLTYDS)**

(Hierdie kurrikulum het in 2014 begin)

<b>MODULEKODE</b>	<b>KR</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>EERSTE SEMESTER</b>		
MACC 611	16	Organisasiebestuur
MACC 612	16	Beplanning en evaluering
MACC 613	16	Besluitneming en beheer
MACC 614	16	Risiko bestuur
<b>TWEEDE SEMESTER</b>		
MACC621	16	Geïntegreerde bestuur
MACC622	16	Besigheidstrategie
MACC623	16	Finansiële Rekeningkunde
MACC624	16	Finansiële Strategie
<b>JAARMODULES</b>		
MACC671	32	Toegepaste navorsingsprojek vir bestuursrekenmeesters
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM</b>	<b>160</b>	

**E.8.4.4.5 504132: E637P HONS BCOM IN FORENSIESE REKENMEESTERSKAP (VOLTYDS)**

<b>JAARMODULES</b>		
<b>MODULEKODE</b>	<b>KR</b>	<b>Beskrywing</b>
FORP673	32	Toegepaste navorsing in forensiese rekeningkunde en ondersoekpraktyk
FORP674	32	Gevorderde Forensiese Rekeningkunde en Praktyksbestuur
FORP675	32	Gevorderde Forensiese Onderzoek
REKP 671	32	Gevorderde IFRS en Groepstate
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM</b>	<b>128</b>	

**E.8.4.5 POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL****E.8.4.5.1 NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR****E.8.4.5.2 TOELATINGSVEREISTES**

Om te kwalifiseer vir toelating tot die Nagraadse Diploma in Bestuur, behoort 'n student 'n voorgraadse graad of ekwivalente kwalifikasie te hê, soos goedgekeur deur die Senaat. Verder moet 'n student ook voldoen aan enige verdere vereistes voorgeskryf in die reëls van die fakulteit wat die Nagraadse Diploma in Bestuur aanbied.

**E.8.4.5.3 KURRIKULUM****E.8.4.5.3.1 549112: E536P NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR (NDB)**

<b>NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR E536P vanaf 2016 (Voltyds en deelyds)</b>					
<b>EERSTE SEMESTER</b>			<b>TWEEDE SEMESTER</b>		
<b>KODE</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>KR</b>	<b>KODE</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>KR</b>
BLCG 511	Korporatiewe bestuur	12	BLLR 521	Arbeidsverhoudinge	12
CCMM 511	Algemene bestuur.	12	BLSM 522	Strategiese bestuur	12
CCMM 515	Bestuursekonomie	12	GHRM 527	Strategiese Talentbestuur	12
CCMM 516	Inligtingbestuurstelsels	12	GHRM 528	Operasionele Bestuur	12
CCMM 517	Finansiële Verslagdoening	12	MKTM 521	Beginsels van bemarking en reklame	12
<b>TOTALE KREDIETE VIR NDB</b>					<b>120</b>

**E.8.5 MODULE-UITKOMSTE VAN HONNEURSMODULES****E.8.5.1 MODULE-UITKOMSTE (SKOOL VIR EKONOMIE)**

<b>MODULEKODE: ECON610</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: BELEGGINGSBESTUUR</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om met behulp van die volgende kennis 'n gestruktureerde proses vir 'n beleggingsbestuursfirma te ontwerp of te ontwikkel:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• bo-na-onder-aspekte van portefeuljebestuur</li> <li>• batetoewysing</li> <li>• risiko-assessering en risikobestuur</li> <li>• aandele-ontleding</li> <li>• staats-, korporatiewe en inflasiebeskernde effekte in portefeuljebestuur</li> <li>• industrie-ontleding</li> <li>• stylontleding</li> <li>• belastingdoeltreffende investering</li> <li>• verhandeling</li> <li>• maatskaplik verantwoordelike investering en korporatiewe betrokkenheid</li> <li>• alternatiewe beleggings</li> <li>• verskansingsfondsstrategieë</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON611</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: MIKRO-EKONOMIE</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• mikro-ekonomiese probleme op te los met behulp van logiese en kwantitatiewe vaardighede;</li> <li>• krities en analities oor werklikheidskwessies te dink en om 'n reeks mikro-ekonomiese beleidskwessies krities te ontleed;</li> <li>• mikro-ekonomiese argumente en bewyse te evalueer; en</li> <li>• mikro-ekonomiese argumente mondeling en skriftelik aan te bied.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON612</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: MAKRO-EKONOMIE</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• om 'n deeglike begrip van die funksionering van die Makro-ekonomie oor sowel die lang- as die kort-termyn te demonstree;</li> <li>• om die vermoë te demonstree om makro-ekonomiese probleme soos groei, inflasie en werkloosheid te ontleed en daarvan werk te maak deur middel van verskillende analitiese metodes; en</li> <li>• om u kennis van die verskillende gesigspunte oor die onderlinge verbande en interafhanklikhede in die ekonomie as geheel aan te wend om makro-ekonomiese beleidsaanbevelings in die Suid-Afrikaanse konteks te evalueer.</li> </ul>		

<b>MODULEKODE: ECON613</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: UITVOERMARKONTWIKKELING</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die druk wat deur die internasionale besigheidsomgewing op maatskappye uitgeoefen word;</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep te demonstreer hoe om te bepaal of 'n maatskappy uitvoergereed is – selfs waar verkleining van die plaaslike mark en/of mededingende druk dreig – om buitelandse markte te betree;</li> <li>• afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die verskillende tegnieke wat gebruik word om die potensiaal van buitelandse markte te bepaal en met behulp van hierdie tegnieke geskikte marksegmente en marktoetredingstrategieë te identifiseer – almal teen die agtergrond van wisselende maatskappyvereistes en -omstandighede;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om verskillende soorte en bronne van inligting oor buitelandse markte te evalueer, asook die tegnieke wat gebruik word om sodanige inligting te assesseer en vertolk; en</li> <li>• die bekwaamheid te demonstreer om uit 'n internasionale perspektief elkeen van die beheerbare elemente van bemaking te evalueer en deur sodanige evaluering te bepaal hoe die elemente die beste gekombineer en toegepas kan word in die lig van wisselende maatskappy- en markomstandighede.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON614</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: ONTWIKKELINGSEKONOMIE</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennis van die beginsels en toepassing van ekonomiese ontwikkeling te demonstreer;</li> <li>• op intelligente wyse as 'n ekonoom aan die ontwikkelingsdebat deel te neem;</li> <li>• die onderling verbonde aspekte en toepassings van ekonomiese ontwikkeling binne die teoretiese raamwerk te vertolk, begryp en uit te druk;</li> <li>• begrip te hê van die praktiese omstandighede in minder ontwikkelde lande (MOL'e);</li> <li>• konsekwente ekonomiese beleidsadvies wat 'n verskil kan maak aan die ekonomiese probleme van minder ontwikkelde lande, veral Afrikalande suid van die Sahara, met inbegrip van Suid-Afrika, te formuleer;</li> <li>• die opstelling van sosio-ekonomiese ontledings van 'n gebied en die skryf van verslae, met inbegrip van die toepassing van regressie-ontledings en ander tegnieke wat in ander verwante dissiplines bestudeer is, om verskillende aspekte van ekonomiese ontwikkelingsverskynsels <i>toe te pas</i> en te verduidelik; en</li> <li>• voorstelling van 'n ekonomiese beleidsraamwerk.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON615</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: AFGELEIDE INSTRUMENTE</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeleide instrumente van CBOT, LME, SAFEX en verwante markte, aan te wend in die oplossing van risikobestuur-senario's; en</li> <li>• praktiese kennis van maniere waarop die prysrisiko's van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• plastiek,</li> <li>• geselekteerde metale,</li> <li>• goud,</li> </ul> </li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• mielies, koring, sonneblom,</li> <li>• aandele op die JSE,</li> <li>• effekte,</li> <li>• rentekoerse en</li> <li>• buitelandse valuta met afgeleide instrumente verskans word, te demonstreer.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON616</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: INTERNASIONALE HANDELSTEORIE EN -BELEID</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die teorie van internasionale handel;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om internasionale handelsbeleid te evalueer; en</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep wisselkoerse en makro-ekonomie in 'n oop ekonomie te analiseer.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON617</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: EKONOMETRIE</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van tydreeks-regressie-modelle en spesifikasietoetsing van die resultate te demonstreer;</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om tydreeks-regressiemodelle met EViews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit, outokorrelasie en koïntegrasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van Ekonomiese ontledings; en</li> <li>• die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, tydreeks- ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in 'n verslag / artikel van 20 bladsye.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON618</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: NAVORSINGSMETODES</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van die navorsingsproses, die opstel van vraelyste, die uitvoering van opnames en die ontleding van opname-data te demonstreer;</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n navorsingsprojek te beplan, 'n vraelys te ontwerp, 'n aanvoorstudie te onderneem, die resultate met behulp van SPSS te ontleed en hulle te verbrei; en</li> <li>• die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n projekverslag / artikel van 20 bladsye.</li> </ul>		

<b>MODULEKODE: ECON619</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: INTERNASIONALE VERVOER</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van die verskillende vorme van vrag en die maniere waarop dit oor grense of na ander wêrelddele vervoer kan word, te demonstreer;</li> <li>• begrip van die verskillende vervoerdienste wat tans in die Suider-Afrikaanse streek beskikbaar is, te demonstreer;</li> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van die vervoerinfrastruktuur in Suider-Afrika te demonstreer, met die fokus op die inisiatiewe wat van stapel gestuur is om die streek se fisiese verspreidingsvermoëns te stimuleer;</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep die algemene beginsels wat die verpakking, merking en stoorkoste van goedere vir internasionale vervoer beïnvloed, te demonstreer en daardeur te illustreer hoe hierdie beginsels toegepas word in die geval van algemene teenoor gevaarlike vrag en lug- teenoor see-besendings;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om die beginsels wat vragversekering asook sommige van die praktiese aspekte van versekeringspolisse en -eise ten grondslag lê, te evalueer; en</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep die vernaamste funksies van doeane en die spesifieke maatreëls wat doeane-owerhede aanwend om invoere en uitvoere te beheer, te analiseer.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON621</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: INTERNASIONALE HANDELSBETREKKINGE</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van die veranderende wêreld ekonomie en die faktore wat internasionale mededingendheid beïnvloed, te demonstreer;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om die onderliggende oorsake van ekonomiese welsyn te evalueer soos weerspieël in 'n land se ekonomiese groei en ontwikkeling, asook die rol van die betalingsbalans en ander geselekteerde aanwysers in die beklemtoning van 'n land se algemene ekonomiese prestasie en potensiaal;</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep die makro-ekonomiese beleid te analiseer wat 'n land se nasionale owerhede implementeer om besparings en beleggings te maksimaliseer, inflasie en geldeenheidfluktuasies te beheer en 'n land se mededingendheid te verhoog;</li> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van die samestelling van die internasionale monetêre stelsel te demonstreer; en</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep die ekonomiese gebeure en besluite – sowel plaaslik as internasionaal – te analiseer wat Suid-Afrika se besigheidsomgewing die afgelope jare help vorm het.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON622</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: MONETÊRE EN FISKALE BELEID</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van heersende fiskale en monetêre beleidskwessies in die Suid-Afrikaanse konteks te demonstreer;</li> <li>• as 'n individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om heersende beleidskwessies (bv. fiskale reëls of monetêre teikens) te identifiseer en toepaslike beleidsoptrede aan te beveel; en</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>die bekwaamheid te demonstreeer om verskillende vorme van owerheidsinmenging in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings te kommunikeer met behulp van die toepaslike IT.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON623</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: RISIKOBESTUUR</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n deeglike kennis van bankrisikobestuur en -regulering te demonstreeer met die fokus op die STRATEGIESE risikobestuurstrategieë en minder op die werklike risikometing te hê;</li> <li>'n dieptekennis van Basel II te demonstreeer;</li> <li>strategiese risikobestuur en die rol van die ALCO te bespreek; en</li> <li>die bestuur van: <ul style="list-style-type: none"> <li>rentekoersrisiko,</li> <li>likiditeitsrisiko,</li> <li>kredietrisiko,</li> <li>markrisiko,</li> <li>operasionele risiko en</li> <li>buitelandse valuta-risiko in banke in skriftelike verslae te beskryf.</li> </ul> </li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON624</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: EKONOMIESE-MODELLERING</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer van algemene ewewig en makro-ekonometriese modelle en hul toepassing om "sê nou"-vrae in Ekonomie te beantwoord;</li> <li>as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreeer om 'n 1-2-3-algemene ewewigmodel (in Excel) en 'n makro-ekonometriese model (in EViews) te bou en 'n simulاسie daarvan te laat loop; en</li> <li>die vermoë te demonstreeer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, 'n klein algemene ewewigmodel of makro-ekonometriese model te gebruik om die skok te simuleer, resultate te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n projekverslag / artikel van 20 bladsye.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON625</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: UITVOERADMINISTRASIE</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer van die rol gespeel deur verskillende openbare- en privaatsektorentiteite in 'n tipiese uitvoertransaksie, asook die dokumente en volgorde van stappe wat nodig is om byvoorbeeld internasionale vraag, versekering, doeaneklaring en betaling moontlik te maak;</li> <li>'n begrip te demonstreeer van die oorsprong, doel en rol van Incoterms;</li> <li>as individu en/of as deel van 'n groep die hegte verband tussen uitvoerkosteberekening en die Incoterms te demonstreeer en evalueer;</li> <li>die vermoë te demonstreeer om die koste vir uitvoer akkuraat te bereken;</li> <li>as individu en/of as deel van 'n groep die prosesse van evaluering en beantwoording van uitvoernavrae en die gevolglike suksesvolle bespoediging van uitvoere toe te pas; en</li> <li>afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer van die dokumentêre vereistes</li> </ul>		

geassosieer met elke stadium van die uitvoerproses.		
<b>MODULEKODE: ECON626</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: INTERNASIONALE HANDELSREG</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die breë struktuur van die internasionale regsomgewing, asook sommige van die tradisionele en meer kontemporêre sieninge en praktyke wat kleur verleen aan die internasionale regslandskap;</li> <li>• as individu en/of as deel van 'n groep die algemene beginsels te analiseer wat die totstandkoming en beëindiging van kontrakte omring (en sommige variasies tussen lande in dié verband) en die kontraktuele ketting wat tipiese internasionale handelstransaksie kenmerk;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om die regsbeginsele wat regeringsaankope en -verkope internasionaal beheers, die belangrikheid van die beskerming van intellektuele eiendom in hierdie verband en sommige van die nuwe regsuitdagings wat deur Internetgebaseerde handel meegebring word, te evalueer; en</li> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van die kontrak vir vragversekering te demonstreer, ten einde hierdie kontrakte op te stel en te evalueer.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: ECON627</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: NAVORSINGSPROJEK</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van die navorsingsproses te demonstreer;</li> <li>• as individu die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n navorsingsprojek te beplan, die studie te onderneem, die resultate te ontleed en hulle te verbrei; en</li> <li>• die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n honneursskripsie.</li> </ul>		

<b>MODULEKODE: BMAN 611</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: GEÏNTEGREERDE BESTUURSTOEPASSING</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n sistematiese en teoretiese kennis hê van die elemente wat bydra tot 'n effektiewe ondernemingsplan asook 'n lewensvatbare besigheidsgeleentheid;</li> <li>• die belangrikheid van die opstel van funksionele planne as deel van die ondernemingsplan begryp;</li> <li>• in staat wees om teorie te gebruik om besigheidsgeleenthede te evalueer; en</li> <li>• in staat wees om 'n ondernemingsplan daarvoor saam te stel en voor te dra.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: BMAN612</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: GEVORDERDE ENTREPRENEURSKAP</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die rol van entrepreneurskap in die ekonomie, die breë betekenis van die term entrepreneurskap, entrepreneuriese ingesteldheid en sukses vaardighede in verskillende kontekste kan toepas;</li> <li>• die dominante temas vir entrepreneuriese sukses kan ontleed;</li> <li>• 'n persoonlike entrepreneuriese / loopbaanstrategie kan ontwikkel en aanbied;</li> <li>• die dryfkragte van entrepreneurskap in die entrepreneuriese proses kan toepas;</li> <li>• verskeie geleenthede met behulp van die venster van geleentheid kan evalueer;</li> <li>• geleenthede met behulp van geleentheidskandering kan ontleed;</li> <li>• weet hoe om tot verskeie finansieringsalternatiewe toegang te kan kry;</li> <li>• 'n franchise as geleentheid kan ontleed;</li> <li>• van die basiese beginsels van inkomstebelasting vir die individu en onderneming kennis geneem het;</li> <li>• 'n gevallestudies kan skryf en ontleed;</li> <li>• weet hoe om 'n onderneming in die begin- en groeifase te bestuur;</li> <li>• in groepe aan opdragte kan werk en effektiewe terugvoer gee; en</li> <li>• betekenisvolle aanbiedings kan doen.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: BMAR 611</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: KLEINHANDELSBESTUUR</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis demonstreer oor kleinhandel en kleinhandelsbestuur;</li> <li>• 'n situasie-analise uitoefen;</li> <li>• die regte klante teiken vir 'n kleinhandelwinkel;</li> <li>• 'n vestigingsplek kan kies vir die kleinhandelwinkel;</li> <li>• kennis demonstreer oor die bestuur van 'n kleinhandelonderneming;</li> <li>• kennis demonstreer oor die voorraad en prys van produkte in die kleinhandelwinkel;</li> <li>• identifiseer hoe om met klante te kommunikeer; en</li> <li>• 'n kleinhandelplan kan skryf.</li> </ul>		

<b>MODULEKODE: BMAR671</b>	<b>SEMESTER 1/2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: BEMARKINGSNAVORSING</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vermoë demonstreeer om 'n navorsingsvoorstel op te stel;</li> <li>• die vermoë demonstreeer om 'n vraelys op te stel;</li> <li>• primêre data versamel deur middel van veldwerk onder respondente in die teikenmark;</li> <li>• data verkry deur die veldwerk in te sleutel en te analiseer; en</li> <li>• die vermoë demonstreeer om 'n akademiese artikel te skryf.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: BMAR621</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: BEMARKINGSPLAN</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die onderneming se huidige situasie ontleed;</li> <li>• markte en klante ontleed;</li> <li>• 'n SWOT-ontleding uitvoer;</li> <li>• marksegmentering, doelmarkeuse en posisionering van die onderneming se produkte uitvoer;</li> <li>• finansiële-, bemarkings- en sosiale doelwitte stel;</li> <li>• 'n bemarkingstrategie opstel;</li> <li>• bemarkingsprogramme ontwikkel;</li> <li>• 'n bemarkingsplan opstel wat bogenoemde konstruksie dek; en</li> <li>• die bemarkingsplan vir belanghebbendes aanbied.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: BMAN621</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: ONDERNEMINGSPLAN</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• in staat wees om teorie te gebruik om besigheidseleenthede te evalueer;</li> <li>• in staat wees om 'n industrie- en markevaluasie van 'n nuwe onderneming te kan doen;</li> <li>• in staat wees om 'n uitvoerbare besigheidseleentheid te identifiseer; en</li> <li>• 'n ondernemingsplan daarvoor saam te stel en dit voor te dra.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: BMAN622</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: FINANSIËLE BESTUUR</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van finansiële state en kontantbestuur, vaste bates, ontleding van finansiële bestuur en bedryfskapitaal, tydwaarde van geld, waardering en interne opbrengskoers, en dividend beleid kan demonstreeer;</li> <li>• vaardighede gebaseer op ingeligte insig van teorieë en konsepte, evaluering en analisering van finansiële state, berekening van alle berekenings oor die tydwaarde van geld, finansiële aspekte en die neem van besluite gebaseer op hierdie bevindinge kan demonstreeer;</li> <li>• die vermoë om 'n literatuurstudie en omgewingsverslag uit te voer, 'n verslag oor finansiële vraagstukke voor te berei en as 'n individu of lid van 'n groep dit te kommunikeer, skriftelik of mondelings aan 'n gehoor demonstreeer; en</li> <li>• die vaardigheid om probleme en gevallestudies gebaseer op bogenoemde aspekte van finansiële bestuur kan oplos.</li> </ul>		

<b>MODULEKODE: BMAR 622</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: INTERNASIONALE BEMARKING</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>om 'n deeglike kennis en begrip van die teorie van die voorgeskrewe handboek te toon en dit te kan toepas op gevallestudies;</li> <li>om 'n profiel vanuit 'n bemarking- en moontlike internasionale uitvoer-oogpunt op te stel vir 'n gegewe land en of area met betrekking tot die spesifieke kriteria;</li> <li>om die sosio-ekonomiese, regs-, ekonomiese, politiese, fisiese en tegnologiese omgewings as faktore toe te pas op 'n internasionale bemarkingsveldtog;</li> <li>om te verduidelik waarom internasionale bemarkingsnavorsing belangrik is;</li> <li>om die produkidee vir 'n internasionale bemarkingsplan te formuleer en die aspekte wat belangrik is om in ag te neem wanneer die produk in die bemarkingsmengsel ingesluit word, te bespreek;</li> <li>om 'n internasionale bemarkingsplan te ontwikkel en 'n geskrewe plan in te handig; en</li> <li>om 'n internasionale plan deur 'n 15-minute verkoopsaanbieding aan te bied, waar die idee en sy komponente aan die bestuur en potensiële investeerders uiteengesit word.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: BMAR 623</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: VERKOOPSBESTUUR</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te ontwikkel:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n Persoonlike verkoopsfilosofie;</li> <li>'n Verhoudingstrategie;</li> <li>'n Produkstrategie ;</li> <li>'n Klantestrategie; en</li> <li>'n Aanbiedingstrategie.</li> </ul>		

## TOERISMEBESTUUR

<b>MODULEKODE: TMBP611</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: NAVORSINGSMETODOLOGIE IN TOERISME</b>		
<p>Die studiemateriaal en opdragte van TMBP 611 is só gekies dat studente die konsep navorsingsmetodologie binne toerisme kan verstaan asook om 'n volledige navorsingsvoorstel te kan skryf. Alhoewel daar heelwat teorie ingesluit word in die module, word daar van die studente verwag om die teorie <i>toe te pas</i>. Die doel van hierdie module is om studente in staat te stel en voor te berei om navorsing te inisieer, te implementeer en daaroor te skryf, hetsy vir 'n navorsingsprojek, 'n skripsie of verhandeling, 'n referaat, artikel ens. TMBP 611 het die volgende module-uitkomst:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Toerisme-navorsing deeglik te omskryf.</li> <li>Die rol van navorsing in toerisme te kan bespreek.</li> <li>Die belangrikheid van etiek binne toerisme-navorsing te verstaan en verduidelik.</li> <li>Die toerisme-navorsers se etiese plig teenoor verskeie rolspelers te bespreek.</li> <li>Die stappe in die navorsingsproses te identifiseer en bespreek.</li> <li>'n Navorsingsvraag te formuleer.</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Deeglike literatuurstudie rakende enige navorsingsonderwerp te kan doen.</li> <li>• Navorsingsdoelwitte en -doelstellings te kan formuleer.</li> <li>• 'n Duidelike uiteensetting van die metode van navorsing te gee.</li> <li>• Die verskillende benaderings tot toerismenavorsing te onderskei en te bespreek.</li> <li>• Die verskillende steekproefmetodes van mekaar te onderskei en kan toepas op navorsingsituasies.</li> <li>• Steekproefgroottes te bepaal.</li> <li>• 'n Vraelys te kan ontwikkel.</li> <li>• Te onderskei tussen verskillende tipes opnames.</li> <li>• Konsepte te kan definieer en hoofstukke te klassifiseer.</li> <li>• 'n Volledige bronnelys te kan saam stel.</li> <li>• Om data reg in te lees in Excel.</li> <li>• Om ingevoerde data reg te verwerk en interpreteer.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: TMBP621</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: TOERISME NAVORSING (MINI SKRIPSIE)</b>		
<p>Hierdie module bestaan uit die praktiese toepassing en implementering van 'n goed-gedefinieerde navorsingsprobleem wat kulmineer in 'n skripsie. Die module se uitkomst is soos volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Praktiese toepassing van 'n geselekteerde navorsingsmetode en -tema.</li> <li>• Skryf en aanbied van navorsing in die vorm van 'n skripsie.</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: TMBP671</b>	<b>JAARMODULE</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: GEVORDERDE TOERISMEBESTUUR EN -ONTWIKKELING</b>		
- Bestuur kan adviseer rakende bedryfskapitaal bestuur, buitelandse valuta en beleggings.
- Advies kan gee betreffende veranderinge in eienaarskaptransaksies.
- Vaardigheid demonstreer om toepaslike finansieringsinstrumente vir effektiewe minimalisering van risiko te evalueer en aan te beveel.

#### **E.8.5.4.2 FINANSIËLE REKENINGKUNDE**

<b>MODULEKODE: REKP 671</b>	<b>JAARKURSUS</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: GEVORDERDE INTERNASIONALE FINANSIËLE VERSLAGDOENING STANDAARDE (IFRS) EN GROEPSTATE</b>		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van die module behoort die student die vermoë te demonstreer om: <ul style="list-style-type: none"><li>• Transaksies en verwante inligting ooreenkomstig relevante Internasionale Verslagdoeningstandaarde te identifiseer en te interpreteer</li><li>• Beginsels in verband met Internasionale Verslagdoeningstandaarde toe te pas</li><li>• Finansiële state op te stel ooreenkomstig Internasionale Verslagdoeningstandaarde</li><li>• Capita Selecta</li></ul>		
<b>MODULEKODE: REIP671</b>	<b>JAARKURSUS</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: GEVORDERDE BELASTING EN TRUSTS</b>		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van die module behoort die student die vermoë te demonstreer om: <ul style="list-style-type: none"><li>• Inkomstebelastingwet, regspraak sowel as praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te kan interpreteer</li><li>• Normale inkomstebelasting betaalbaar deur die individu te bereken op belasbare inkomste uit besoldiging, byvoordele, enkelbedrae ontvangstes en vanuit die beoefening van 'n bedryf of besigheid</li><li>• Normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye en trusts te bereken</li><li>• Gevorderde gevallestudies met betrekking tot boedelbelasting, skenkingsbelasting, kapitaalwinstbelasting en belasting op toegevoegde waarde op te los</li><li>• Capita Selecta</li></ul>		

<b>MODULEKODE: REKP674</b>	<b>JAARMODULE</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: OUDIT EN KORPORATIEWE BEHEER</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kennis en begrip van korporatiewe beheer in Suid-Afrika te demonstreeer</li> <li>• Die etiese aspekte van die professionele rekenmeester te verstaan</li> <li>• Die toepaslike ouditstandaarde (bv. ISAs), wette en regulasies van toepassing by ouditaanstellings te identifiseer</li> <li>• Kennis en begrip van die sleutelemente van toepassing by die uitvoering van 'n oudit te demonstreeer</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: REKP675</b>	<b>JAARMODULE</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: FINANSIËLE BETUUR EN STRATEGIE</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke in verband met besluitneming en kontrole aspekte in die konteks van bestuursrekeningkunde te demonstreeer</li> <li>• Die vermoë te demonstreeer om onderliggende teorieë, metodes en tegnieke in verband met komplekse belegging, finansiering en dividendbesluite in die konteks van finansiële bestuur toe te pas; asook om opinies, argumente en aanbevelings in die verband te maak</li> <li>• Die vermoë te demonstreeer om die sleutelemente van toepassing op die finansiële strategie van 'n maatskappy te bestuur en te evalueer</li> <li>• Kennis en begrip te demonstreeer van 'n entiteit se missie, visie en strategie</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: REKP676</b>	<b>JAARMODULE</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: TOEGEPASTE NAVORSING IN FINANSIËLE REKENMEESTERSKAP</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kritiese begrip en toepassing van relevante navorsingsmetodologieë in verband met rekenmeesterskap te demonstreeer</li> <li>• Die vermoë te demonstreeer om 'n wye reeks bronne en inligting raad te pleeg</li> <li>• Die vermoë te demonstreeer om navorsingsopinies in rekeningkunde voor te berei en aan te bied.</li> </ul>		

### E.8.5.4.3 CIMA (BESTUURSREKENINGKUNDE)

<b>MODULEKODE: MACC 611</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: ORGANISASIEBESTUUR</b>		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer: <ul style="list-style-type: none"><li>• geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende funksionele areas en hulpbronne van die besigheid, sowel as die teoretiese aspekte wat die funksionele gebiede van die besigheid ondersteun;</li><li>• die vermoë om die ontwikkelinge in die organisatoriese en die funksionele areas van die besigheid te evalueer en toepaslike en relevante ontwikkelings te integreer met bestaande kennis;</li><li>• die vermoë om organisatoriese vaardighede en tegnieke te evalueer en toe te pas wat belangrik en relevant is vir doeltreffende bestuur van funksionele besigheidsgebiede en hulpbronne;</li><li>• geïntegreerde basiese kennis en begrip van die onderliggende ekonomiese, maatskaplike en politieke konteks van die internasionale organisasies;</li><li>• effektiewe operasionele vaardighede binne 'n span in die konteks van organisatoriese bestuur ten einde logiese en kritiese begrip van hierdie konteks, sowel as kommunikasie, aanbidding, leierskapsvaardighede en die neem van verantwoordelikheid vir spesifieke uitkomst van take te demonstreer.</li><li>• lewenslange leervaardighede in terme van die vermoë om op datum te bly met die nuutste ontwikkelings in organisatoriese bestuur en spesifieke omgewing binne konteks.</li></ul>		
<b>MODULEKODE: MACC 612</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: BEPLANNING EN EVALUASIE</b>		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer <ul style="list-style-type: none"><li>• geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke wat beskikbaar is in die veld van Finansiële Bestuur en Bestuursrekeningkunde, en die vermoë om verskeie bronne van kennis, soos finansiële en nie-finansiële inligting van besighede sowel as die algemene ekonomiese omgewing krities te ontgin, gepaardgaande met 'n hersiening van daardie inligting, sowel as die wyse waarop dit verkry is;</li><li>• Die vermoë om gekontekstualiseerde kennis van teorieë, metodes en tegnieke toe te pas in die veld van Finansiële Bestuur en Bestuursrekeningkunde om komplekse beplanning- en evalueringsprobleme op te los, en formulering van opinies, argumente en aanbevelings binne die konteks van die maatskappy, sowel as die spesifieke besigheidsomgewing;</li><li>• effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in die bestuursrekeningkundige en finansiële praktyk, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstegnologie).</li></ul>		

<b>MODULEKODE: MACC 613</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: BESLUITNEMING EN BEHEER</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke wat beskikbaar is in die veld van rekeningkunde wat besluitneming- en beheerpraktieke ondersteun;</li> <li>die vermoë om verskeie bronne van kennis met betrekking tot besluitneming en beheer van besighede sowel as die algemene ekonomiese omgewing krities te ontgin, gepaardgaande met 'n hersiening van daardie inligting, asook die wyse waarop dit funksioneer binne die besigheidsomgewing;</li> <li>die vermoë om gekontekstualiseerde kennis van teorieë, metodes en tegnieke toe te pas in die veld van Bestuursrekeningkunde, om komplekse beplanning, besluitneming en kontrole probleme op te los, en formulering van opinies, argumente en aanbevelings binne die konteks van die maatskappy, sowel as die konteks van die omgewing;</li> <li>effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in die bestuursrekeningkundige en finansiële praktyk, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstegnologie).</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: MACC 614</b>	<b>SEMESTER 1</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: RISIKOBESTUUR</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die vermoë om die verskillende tipes risiko's, insluitend finansiële en nie-finansiële risiko's, binne 'n organisasie te identifiseer, te evalueer en te monitor;</li> <li>'n kritiese begrip van risikobestuurstrategieë van 'n organisasie, insluitend die gebruik van finansiële instrumente en meer algemene strategieë van risiko-identifisering en -bestuur ten einde geskikte stelsels van interne beheer te implementeer en te monitor.</li> <li>die toepassing van 'n verskeidenheid van gespesialiseerde vaardighede om die aard van die risiko's wat die organisasie in die gesig staar te evalueer, evalueer spesifieke risikobestuur strategieë en interne beheermaatreëls terwyl regerings- en etiese kwessies in ag geneem word;</li> <li>effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in die bestuur van risiko's, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstegnologie)..</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: MACC 621</b>	<b>JAARMODULE</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: GEÏNTEGREERDE BESTUUR</b>		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n holistiese, geïntegreerde siening van bestuur in die organisasie;</li> <li>'n vermoë om ontwikkelings in strategiese bestuurskonsepte te evalueer, en toepaslike en relevante ontwikkelings te integreer in bestaande areas;</li> <li>die vermoë om vaardighede en tegnieke wat belangrik en relevant is vir strategiese bestuur en hulpbronne te evalueer en toe te pas;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende mededingende omgewing vanuit 'n strategiese organisatoriese oogpunt – veral die ontleding van hierdie omgewing om 'n mededingende voordeel te verkry en te handhaaf;</li> <li>• geïntegreerde kennis en begrip van projekbestuur en die relevante vaardighede om strategiese bestuur te help en te fasiliteer;</li> <li>• werk effektief binne 'n span in 'n besigheidsbestuurkonteks, om logiese en kritiese begrip van so 'n konteks te demonstreer, terwyl kommunikasie, aanbieding en leierskapsvaardighede toegepas word om individue en groepe te bestuur deur die toepassing van onderhandelingsvaardighede en deur verantwoordelikheid te neem vir uitkomst van spesifieke take;</li> <li>• Om by te bly met lewenslange leervaardighede, asook op datum met die nuutste ontwikkelings in strategiese bestuurvaardighede, tegnieke en konsepte</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: MACC 622</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: BESIGHEIDSTRATEGIE</b>		
<p><b>MODULE-UITKOMSTE:</b></p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke wat beskikbaar is in die gebied van besigheidstrategie;</li> <li>• die vermoë om meervoudige bronne van verskeie besigheidstrategieë wat funksioneer binne organisasies, sowel as die algemene ekonomiese omgewing krities te ontgin, gepaardgaande met 'n hersiening van daardie inligting, sowel as die wyse waarop dit verkry is;</li> <li>• toepassing van gekontekstualiseerde strategiese besigheidsteorieë, metodes, tegnieke en toepaslike modelle in die veld van besigheidstrategie ten einde komplekse strategiese probleme op te los, en opinies, argumente en aanbevelings te formuleer binne die konteks van 'n maatskappy;</li> <li>• effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in besigheidstrategie, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstegnologie).</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: MACC 623</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: FINANSIËLE REKENINGKUNDE</b>		
<p><b>MODULE-UITKOMSTE:</b></p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vermoë om gevorderde eksterne finansiële verslae op te stel en te kritiseer, insluitend gekonsolideerde finansiële verslae, gegrond op 'n omvattende en diepgaande kennis van die standaarde, metodes en tegnieke wat relevant is vir eksterne finansiële verslagdoeningspraktyke;</li> <li>• die vermoë om 'n verskeidenheid van gespesialiseerde vaardighede te gebruik om komplekse, abstrakte en/of geïntegreerde finansiële probleme te identifiseer, analiseer en aan te spreek deur stelselmatig gebruik te maak van die standaarde, metodes en tegnieke relevant tot die finansiële rekeningkundige praktyk en die spesifieke eise van die gekontekstualiseerde probleem;</li> <li>• die vermoë om gekontekstualiseerde finansiële menings en argumente vir onbekende, komplekse en onseker finansiële rekeningkundige probleme aan te bied deur die identifisering en toepassing van self-gereguleerde leervaardighede, metodes, standaarde en tegnieke wat geskik is vir die finansiële verslagdoeningspraktyk</li> </ul>		

<b>MODULEKODE: MACC 624</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: FINANSIËLE STRATEGIE</b>		
<p><b>MODULE-UITKOMSTE:</b></p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>geïntegreerde kennis en begrip van die onderliggende teorieë, metodes en tegnieke wat geskik is vir die gebied van die finansiële strategieë en bestuursrekeningkunde;</li> <li>die gebruik van 'n verskeidenheid van gespesialiseerde vaardighede en die belangrikste elemente in die bestuur en evaluering van 'n organisasie se finansiële strategie, in die konteks van 'n hidrae tot die bereiking van die organisasie se doelwitte binne sy eksterne beperkinge;</li> <li>die vermoë om verskeie bronne van kennis, soos finansiële en nie-finansiële inligting van besighede, sowel as die algemene ekonomiese omgewing krities te ontgin, en gepaargaande met 'n hersiening van daardie inligting, asook die wyse waarop dit verkry is;</li> <li>die vermoë om gekontekstualiseerde kennis van teorieë, metodes en tegnieke toe te pas in die veld van Finansiële Bestuur om komplekse investerings-, finansierings- en dividendbesluite op te los en huidige finansiële opinies, argumente en aanbevelings te formuleer binne die konteks van die maatskappy, sowel as die konteks van die omgewing ;</li> <li>die vaardigheid om kreatiewe terugvoer te ontwikkel met betrekking tot die verantwoordelike finansiële bestuur van 'n maatskappy en sy bates deur kritiese hersiening van die inligting, evaluering van die prosesse en doeltreffende gebruik van die finansiële hulpmiddels wat binne die grense van die strategiese doelwit van die maatskappy is;</li> <li>effektiewe, innoverende en verantwoordelike toepassing van die omvattende eienskappe en vaardighede wat nodig is in die finansiële praktyk, insluitend etiek en professionaliteit, persoonlike eienskappe (bv. selfbestuur, leierskap en spanwerk) en professionele vaardighede (bv. effektiewe kommunikasie en benutting van inligtingstegnologie).</li> </ul>		
<b>MODULEKODE: MACC 671</b>	<b>SEMESTER 2</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: TOEGEPASTE NAVORSINGSPROJEK VIR BESTUURSREKENMEESTERS</b>		
<p><b>MODULE-UITKOMSTE:</b></p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende moet demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n kritiese begrip en toepassing van toepaslike navorsingsmetodologieë wat relevant is vir die gebied van rekeningkunde;</li> <li>die vermoë om teoretiese kennis wat deur die rekeningkundige modules verkry is te kan toepas en integreer t.o.v. 'n onbekende navorsing konteks deur die toepassing van 'n prakties gedefinieerde navorsingsprobleem;</li> <li>toepaslike navorsingsvaardighede om verskeie bronne van kennis en inligting op die gebied van rekeningkunde krities te ontgin; die nodige hulpbronne te kies en daardie kennis krities te evalueer en te hersien in die konteks van die praktiese navorsing probleem wat aangebied word;</li> <li>'n begrip te hê van die rede waarom navorsing gedoen word en dit dan te gebruik om 'n navorsingsvraag te formuleer wat empiries aangespreek word om 'n oplossing te verskaf vir die kliënt;</li> <li>die vermoë om gekontekstualiseerde en empiries nagevorsde menings in die rekeningkundige veld, wat bestaan uit die volgende navorsing georiënteerde proses, aan te bied en voor te berei:</li> <li>'n probleem waar 'n kliënt menings en advies vereis;</li> <li>studente 'n navorsingsproses formuleer wat gebruik sal word om 'n oplossing vir die</li> </ul>		

kliënt te verkry;

- studente verweg word om 'n deeglike literatuurstudie uit te voer, en
- die samestelling van 'n akkurate en samehangende skriftelike verslag deur die studente met 'n innoverende oplossing vir die probleem wat vir hulle gestel is.

#### E.8.5.4.4 FORENSIESE REKENINGKUNDE

<b>MODULEKODE: FORP673</b>	<b>JAARMODULE</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: TOEGEPASTE NAVORSING IN FORENSIESE REKENINGKUNDE- EN ONDER-SOEKPRAKTYK</b>		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees en insig te demonstreer in: <ul style="list-style-type: none"><li>• 'n Kritiese verstaan en toepassing van toepaslike navorsingsmetodologie wat relevant is tot die veld van forensiese rekeningkundige- en ondersoekpraktyk;</li><li>• Kennis van toepaslike ondersoekvaardighede ten einde veelvuldige bronne van kennis en inligting te ontgin;</li><li>• Die vermoë om gekontekstualiseerde en empiries nagevorste opinies in die forensiese rekeningkundige- en ondersoekpraktyk voor te berei en aan te bied;</li><li>• Gevallestudies op te los wat betrekking het op praktiese scenario's relevant tot forensiese rekeningkundige- en ondersoekpraktyk en om die resultate en aanbevelings daarvan in 'n mondelinge sowel as geskrewe verslag aan te bied.</li></ul>		
<b>MODULEKODE: FORP674</b>	<b>JAARMODULE</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: GEVORDERDE FORENSIESE REKENINGKUNDE EN PRAKTYKBESTUUR</b>		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees en insig te demonstreer in: <ul style="list-style-type: none"><li>• Die rol wat finansiële state speel in die kapitaalmarkte, die aard van finansiële staat-bedrog en die raamwerk vir die opspoor daarvan;</li><li>• Die waarskynlikheid van finansiële staat-bedrog deur middel van die nagaan van die entiteit se bestuur en direkteure, aard van die onderneming, wyse van operering en finansiële resultate;</li><li>• Beskikbare rekenaar-ondersteunde forensiese rekeningkundige tegnieke en verbandhoudende prosesse;</li><li>• Manipulering van IFRS;</li><li>• Die oplos van probleme deur die analise van feitestelle en/of bronmateriaal verbandhoudend tot die bestuur van die risiko van bedrog en risiko bestuur binne die konteks van die kommersiële forensiese omgewing en om argumente voortspruitend daaruit in 'n geordende wyse te formuleer;</li><li>• Die vermoë om komplekse inligting op 'n betroubare en koherente wyse te kommunikeer deur die toepassing van toepaslike akademiese en professionele konvensies, formate en tegnologie binne die bestek van die bestuur van die risiko van bedrog en risiko</li></ul>		
<b>MODULEKODE: FORP675</b>	<b>JAARMODULE</b>	<b>NKR-VLAK: 8</b>
<b>TITEL: GEVORDERDE FORENSIESE ONDERSOEK</b>		
MODULE-UITKOMSTE: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees en insig te demonstreer in: <ul style="list-style-type: none"><li>• Die forensiese ondersoek omgewing;</li><li>• Prosesse binne die Suid-Afrikaanse Grondwetlike bestel en regsisteem wat 'n</li></ul>		

invloed mag hê op die omvang van die werk van forensiese rekenmeesters;

- Werksaanvaardingsprosedures, aanstellingsbriewe, kwaliteitskontrole, risiko- en praktyksbestuur, relevant tot die Suid-Afrikaanse forensiese rekenmeester;
- Bepaalde tipes lasbriewe relevant tot die werk van forensiese rekenmeesters, die formaat, inhoud en uitvoering daarvan;
- Die prosesse betrokke by en die bestuur van die handelsmisdaadtoneel;
- Gevorderde *capita selecta* van regsbeginsels, insluitende geldwassery, verbandhoudende tot die forensiese omgewing;
- Toepassing van verskeie ondervragingstrategieë gebaseer op 'n ekstensiewe en sistematiese kennis van die gebied;
- Demonstrasie van die verskeie ondervragingstegnieke in gegewe omstandighede;
- Die praktiese toepassing van die forensiese ondersoekproses;
- Die praktiese toepassing van ondervragingstegnieke;
- Etiese standaarde en praktyke relevant to die Suid-Afrikaanse kommersiële forensiese omgewing; en
- Die praktiese toepassing van die uitvoer van gevallestudies, die samestelling en lewering van verslae ten opsigte van bevindinge en getuienislewering as deskundige getuies in howe.

## **E.9 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER COMMERCII (MCOM) EN MAGISTER ARTIUM (MA)**

(Laasgenoemde in die geval van die MA in Bedryfsielkunde, MA in Arbeidsverhoudingebestuur en MA in Toerisme)

### **E.9.1 DUUR VAN DIE STUDIE**

- a) Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- b) Algemene reël A.4.4.10 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

### **E.9.2 TOELATING EN REGISTRASIE**

Die toelatingsvereistes en datums van registrasie en herregistrasie geskied na aanleiding van Algemene reëls A.4.2 en 4.3.

### **E.9.3 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM**

- a) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalings in Algemene reël A.3.1.1.1. Die studieprogram moet tot bevrediging van die direkteur van die navorsingsfokusarea bydra tot die navorsingsprogram(me) van die Universiteit soos bepaal deur die verskillende navorsingsfokusareas.
- b) 'n M-program vereis 'n minimum van 180 krediete
- c) Waar 'n aantal vraestelle tesame met 'n skripsie aangebied word moet die skripsie ten minste 25% van die totale krediete uitmaak
- d) Waar 'n aantal vraestelle tesame met 'n verhandeling aangebied word moet die verhandeling ten minste 50% van die totale krediete uitmaak.
- e) Binne die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe waar 'n skripsie 50% van die magistergraad tel behoort 'n minimum van 1 gepubliseerde artikel of 1 ongepubliseerde manuskrip in artikelformaat aangebied te word. Vir die doeleindes van 'n verhandeling waar die verhandeling meer as 50% van die magistergraad tel behoort 'n minimum van 2 gepubliseerde artikels of 2 ongepubliseerde manuskripte in artikelformaat aangebied te word.

### **E.9.4 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

- a) 'n Student moet in besit wees van 'n Honneurs BA- of Honneurs BCom-graad of die status van 'n Honneurs BA- of Honneurs BCom-graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot bevrediging van die dekaan en die betrokke direkteur vir die voorgenome MCom-studie wees.
- b) 'n Student moet 'n gemiddeld van minstens 65% in die Honneurs BCom / BA behaal het, (met die uitsondering van die Hons BCom (Geoktrooieerde Rekenmeesterskap en Hons BCom (Forensiese Rekenmeesterskap) waar die graad slegs verwerf moet wees).
- c) Die student moet minstens 65% in die betrokke Honneurs BCom-modules waarop die voorgenome studie berus, behaal het.

- d) Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die Skooldirekteur en die direkteur van die navorsingsfokusarea/eenheid wees. Studente wat volgens die oordeel van die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid nie oor voldoende navorsings-vermoë beskik nie, sal slegs toegelaat word tot die M-program na die suksesvolle voltooiing van die fakulteit/skool se kortkursus in navorsingsmetodologie
- e) Studente met 'n Honneursgraad in Bedryfsielkunde wat, om watter rede ook al, nie met 'n M-grad in Bedryfsielkunde kan voortgaan nie, sal toegelaat word om, na aflegging van 'n tentamen tot bevrediging van die programleier van Arbeidsverhoudingebestuur, vir 'n M-grad in Arbeidsverhoudingebestuur in te skryf, mits daar aan die akademiese vereistes vir die laasgenoemde program voldoen word.
- f) Voornemende MCom en MA Bedryfsielkunde/Mensehulpbronnstudente / Arbeidsverhoudingebestuur studente is behalwe die 65% in honneurs, ook aan 'n keuringsprogram onderworpe wat by die Skooldirekteur beskikbaar is.

Alle studente wat aansoek doen om die Magisterprogram in Bedryfsielkunde of Mensehulpbronnbestuur by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus en Vanderbijlparkkampus) te deurloop, moet 'n bevoegdheidseksamen in Statistiek aflê. Studente wat nie 'n minimum van 50% in dié eksamen behaal nie, kan toelating tot die Magisterprogram in Bedryfsielkunde geweier word, of moet bereid wees om 'n werkwinkel in basiese statistiese metodes (soos voorgeskryf deur die Program in Bedryfsielkunde) op eie koste suksesvol te voltooi. Studente moet hierdie werkwinkel binne die eerste ses maande van hul Magisteropleiding voltooi, maar sal toegelaat word om dit gelyklopend met die ander verpligte modules wat deel uitmaak van die Magisterprogram, te voltooi.

- g) Waar die M-studie slegs uit 'n navorsingskomponent bestaan (of uit meer as 'n 50% navorsingskomponent bestaan), sal die aansoek van 'n voornemende M-student eers goedgekeur word indien 'n navorsingsvoorstel goedgekeur is deur die betrokke skool en indien 'n geskikte leier vir die studie beskikbaar is.

## **E.9.5 EKSAMINERING**

### **E.9.5.1 Eksamengeleenthere**

Die eksamengeleenthere en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene reël A.4.4 en 4.4.6..

### **E.9.5.2 Benoeming van eksaminatore**

Die benoeming van eksaminatore en moderatore geskied volgens Algemene reël A.4.4.3

### **E.9.5.3 Toelating tot die eksamen**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerping van 'n deelnamebewys (Algemene reël. 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes vir die betrokke module.

#### E.9.5.4

#### Eksamen

- a) Die eksamen vir die magistergraad geskied volgens die voorskrifte van Algemene reël A.4.4.4..
- b) 'n Student wat in só 'n stadium van die jaar registreer dat hy nie by die aanbieding van die vraestelgedeelte van die spesifieke jaar kan inskakel nie, moet die vraestelgedeelte laastens in die tweede studiejaar voltooi. So 'n student moet die navorsingsvoorstel binne ses maande na registrasie as student vir goedkeuring aan die dagbestuur van die fakulteitsraad voorlê.
- c) 'n Verhandeling of skripsie word slegs met die skriftelike toestemming van die studieleier(s) ingedien (Algemene reël A.4.4.4).
- d) Die aantal kere wat 'n student vir 'n eksamen kan aanmeld en die herhaling van modules geskied volgens die bepalings van Algemene reël A.4.4.6.
- e) Vereistes vir 'n verhandeling/skripsie:
  - i) Die vereistes waaraan 'n verhandeling of skripsie moet voldoen geskied volgens die bepalings van Algemene reël A.4.4.4.2.
  - ii) Studente moet hulle deeglik vergewis van die inhoud van die **Handleiding vir Nagraadse Studie.**
  - iii) Dit is vereiste dat die finale produk wat vir eksaminering aangebied word deur 'n professionele persoon taalversorg word.
  - iv) Vir doeleindes van die verwerwing van 'n meestersgraad, wat 'n verhandeling of skripsie insluit, moet die student ten minste EEN artikel in ongepubliseerde of gepubliseerde formaat, binne 7 weke na die amptelike indieningsdatum van die verhandeling/ skripsie (in November en April) soos deur die Nagraadse Administrasie bepaal, by die studieleier indien. Studente moet hulle van hul Skool /program se spesifieke vereistes ten opsigte van die formaat en moontlike addisionele artikel-vereistes vergewis.
- f) Deelnamepunt

'n Deelnamepunt vir modules kan opgebou word uit werkstukke en ander vorme van evaluering.
- g) Modulepunt/Uitslag

Die modulepunt van modules (vraestelle) waarin eksamen geskryf is, word geslaag met 'n punt van 50%. 'n Module, skripsie of verhandeling word met onderskeiding geslaag indien 75% behaal is. Die kwalifikasie sal met onderskeiding geslaag word indien 'n gemiddelde van 75% behaal is (A.4.5.2).

#### E.9.5.5

#### Terminering van die studie

'n Student se studie kan getermineer word op grond van die bepalings in Algemene reël A.4.4.11.

## E.9.6 KURRIKULUMS IN DIE SKOOL VIR EKONOMIE

### E.9.6.1 505120: E803P MCOM EKONOMIE (VOLTYDS EN DEELTYDS)

MODULEKODE	Beskrywing	Krediete
ECON 872	Verhandeling	148
ECON 874	Gevorderde Ekonomie	16
ECON 876	Gevorderde Navorsingsmetodologie	16
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

### E.9.6.2 505121: E804P MCOM INTERNASIONALE HANDEL (VOLTYDS EN DEELTYDS)

MODULEKODE	Beskrywing	Krediete
ECON 872	Verhandeling	148
ECON 876	Gevorderde Navorsingsmetodologie	16
ECON 879	Gevorderde Internasionale Handel	16
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

### E.9.6.3 505122: E805P MCOM RISIKOBESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS)

MODULEKODE	Beskrywing	Krediete
ECON 872	Verhandeling	148
ECON 876	Gevorderde Navorsingsmetodologie	16
ECON 882	Gevorderde Risikobestuur	16
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

## **E.9.7 KURRIKULUMS IN DIE SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR**

### **E.9.7.1 Spesifieke toelatingsvereistes vir 'n MA of MCom in Toerismebestuur**

Toelating tot bogenoemde programme is onderhewig aan die volgende toelatingsvereistes:

- i. 'n Student behoort te beskik oor 'n BA- of BCom-honnoursgraad in Toerismebestuur. Die studie-inhoud van hierdie graad moet tot bevrediging van die Dekaan en die Direkteur van die Skool van Ondernemingsbestuur wees.
- ii. Die student moet 'n gemiddeld van 65% in die honnoursgraad behaal het om vir die MA of MCom in Toerismebestuur te kwalifiseer.
- iii. Die student moet bewys kan lewer van sy/haar navorsingsvermoë tot bevrediging van die Direkteur van die Navorsingsentiteit gebaseer op akademiese prestasie en 'n onderhoud.
- iv. Voornemende studente moet 'n verkorte navorsingsvoorlegging indien met die oog op die onderhoud.
- v. Alle studente is onderhewig aan die TOELF-toets wat suksesvol voltooi moet word.
- vi. Finale toelating tot die program word bepaal deur die keuringskomitee en is ook onderhewig aan huidige studentegetalle in die program.

#### **E.9.7.2 505123: E817P MCOM TOERISMEBESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS)**

En

#### **E.9.7.3 103170: E818P MA TOERISMEBESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS)**

<b>MODULEKODE</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Krediete</b>
TMBP 872	Verhandeling	126
TMBP 874	Gevorderde Toerismebestuur (Capita Selecta)	54
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

#### **E.9.7.4 505124: E814P MCOM ENTREPRENEURSKAP (VOLTYDS EN DEELTYDS)**

<b>MODULEKODE</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Krediete</b>
ENTR 872	Verhandeling	144
ENTR874	Gevorderde Entrepreneurskap (Capita Selecta)	36
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

E.9.7.5

505125: E815P

**MCOM BEMARKINGSBESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS)**

<b>MODULEKODE</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Krediete</b>
BMAR 872	Verhandeling	144
BMAR 874	Gevorderde Bemarkingsbestuur (Capita Selecta)	36
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

E.9.7.6

505134: E816P

**MCOM ONDERNEMINGSBESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS)**

<b>MODULEKODE</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Krediete</b>
BMAN 872	Verhandeling	144
BMAN 874	Gevorderde Ondernemingsbestuur (Capita Selecta)	36
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

**E.9.8 KURRIKULUMS IN DIE SKOOL VIR MENSEHULPBRONWETENSAPPE**

**E.9.8.1 BEDRYFSIELKUNDE**

**E.9.8.1.1 Toelatingsvereistes**

Voornemende studente in *Bedryfsielkunde* moet voldoen aan die volgende toelatingsvereistes:

- i. 'n Student behoort te beskik oor 'n BA honneursgraad in Bedryfsielkunde vanaf 'n geakkrediteerde RGBSA-universiteit (dit impliseer dat die graad sal lei tot die registrasie as Berader/Psigometris by die RGBSA na die suksesvolle voltooiing van die raadseksamen). Die studie-inhoud van hierdie graad moet tot die bevrediging van die dekaan en die direkteur van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe (Potchefstroomkampus) en die Skool vir Gedragwetenskappe (Vanderbijlparkkampus) wees.
- ii. Die graad behoort die volgende vakke in te sluit: Psigometrika, Psigologiese evaluering (Psigometriese toetsing), Loopbaansielkunde,

- Navorsingsmetodologie en navorsingsverslag, Organisasie-ontwikkeling, Mensehulpbronstrategieë en Praktiese statistiek (STNN 124).
- iii. Die student moes 'n gemiddeld van 65% in die honneursgraad behaal het om te kwalifiseer om genooi te word na die keuringsproses.
  - iv. Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die skoordirekteure en die direkteur van die navorsingsentiteite wees. Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes (soos bepaal tydens die keuringsproses) as onvoldoende geag word, sal slegs toegelaat word tot die meestersprogram alvorens 'n navorsingsmetodologiekursus suksesvol voltooi is. (Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak of enige ander kursus tot bevrediging van die direkteur van die navorsingsentiteite).
  - v. Voornemende studente moet ook 'n keuringsproses gerig tot die meting van die bevoegdheidsdaargestel vir sielkundiges deur die Raad op Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGSBA), slaag. Hierdie keuringsproses sluit 'n bevoegdheidsseksamen in Statistiek in. Studente wie se vermoëns in Statistiek as onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens 'n Statistiekkursus suksesvol voltooi word. Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak.

**Studente van ander universiteite:**

- Enige ander student sal beoordeel word gebaseer op die uitkomst en inhoud van die program wat hulle studeer het by die spesifieke universiteit.
- Krediete vir voornemende studente mag oorweeg word op die basis van onderhoude, portefeuljes en/of toetse wat poog om empiriese leer, vaardighede en motivering te identifiseer.
- Diplomas of technikon-grade sal nie erken word nie.
- Enige ander graad buite Mensehulpbronbestuur of Bedryfsielkunde sal nie oorweeg word vir toelating tot die meestersgraad nie.

**E.9.8.1.2 KURRIKULUM BEDRYFSIELKNUDE**

**Let wel:** Studente wat op die Potchefstroomkampus vir bedryfsielkunde en mensehulpbronbestuur geregistreer is, moet sekere modules by die Vaaldriehoekskampus bywoon, soos in die kurrikulum aangedui. Die skripsie vir bedryfsielkunde (IOPS873) en verhandeling vir mensehulpbronbestuur (HRMA872), asook die verhandeling in arbeidsverhoudinge (LARM871), word by die Potchefstroomkampus geregistreer.

- E.9.8.1.2.1 505126: E850P MCOM BEDRYFSIELKUNDE (Voltyds & Deeltyds)**  
**EN**
- E.9.8.1.2.2 103171: E851P MA BEDRYFSIELKUNDE (Voltyds & Deeltyds)**

<b>JAARMODULES</b>		
<b>MODULEKODE</b>	<b>KR</b>	<b>BESKRYWING</b>
IOPS873	100	Skripsie
IOPS874	16	Wetenskapberedenering
IOPS875	16	Mensontwikkeling
IOPS876	16	Professionele Bedryfsielkunde
IOPS877	16	Welstand
IOPS878	16	Toegepaste berading
<b>TOTALE KREDIETE</b>	<b>180</b>	

## **E.9.8.2 MENSEHULPBRONBESTUUR**

### **E.9.8.2.1 Toelatingsvereistes**

Voornemende studente in *Mensehulpbronbestuur* moet voldoen aan die volgende toelatingsvereistes:

- i. 'n Student moet beskik oor 'n BA honneursgraad of BCOM honneursgraad in Mensehulpbronbestuur. Die studie-inhoud van hierdie graad moet tot bevrediging wees van die dekaan en die direkteur van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe en Skool vir Gedragwetenskappe (Vaaldriehoekkampus). Die graad behoort die volgende vakke in te sluit: Navorsingsmetodologie en navorsingsverslag, Toegepaste arbeidsverhoudinge, Mensekapasiteitsontwikkeling, Organisasiegedrag, Mensehulpbronstrategieë en Praktiese statistiek (STTN 124).
- ii. Die student moes 'n gemiddeld van 65% in die honneursgraad behaal het om te kwalifiseer om genooi te word na die keuringsproses.
- iii. Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die skoordirekteure van die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus en die direkteur van die navorsingsentiteit wees. Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes (soos bepaal gedurende die keuringsproses) onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens 'n navorsingsmetodologieskursus suksesvol voltooi word. (Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak, of enige ander kursus tot bevrediging van die direkteur van die navorsingsentiteite).
- iv. Voornemende studente moet ook 'n keuringsproses gerig op die meting van die bevoegdheids daargestel vir Mensehulpbronpraktisyne deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Mense Praktike, slaag. Die keuringsproses sluit 'n bevoegdheidsseksamen in Statistiek in. Studente wie se vermoëns in Statistiek as onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word

alvorens 'n Statistiekkursus suksesvol voltooi word. Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak.

**Studente vanaf ander universiteite:**

- Enige ander student sal beoordeel word gebaseer op die uitkomst en inhoud van die program wat hulle studeer het by die spesifieke universiteit.
- Krediete vir voornemende studente mag oorweeg word op die basis van onderhoude, portefeuljes en/of toetse wat poog om empiriese leer, vaardighede en motivering te identifiseer.
- Diplomas of technikon-grade sal nie erken word nie.
- Enige ander graad buite Mensehulpbronbestuur sal nie oorweeg word vir toelating tot die meestersgraad nie.

**E.9.8.2.2 KURRIKULUM MENSEHULPBRONBESTUUR**

**Let wel:** Studente wat op die Potchefstroomkampus vir bedryfsielkunde en mensehulpbronbestuur geregistreer is, moet sekere modules by die Vaaldriehoekkampus bywoon, soos in die kurrikulum aangedui. Die skripsie vir bedryfsielkunde (IOPS873) en die verhandeling vir mensehulpbronbestuur (HRMA872), asook die verhandeling in arbeidsverhoudinge (LARM871), word by die Potchefstroomkampus geregistreer.

**E.9.8.2.2.1 505128: E852P MCOM MENSEHULPBRONBESTUUR (MHB)**  
**(Voltyds en Deeltyds)**

EN

**E.9.8.2.2.2 103173: E853P MA MENSEHULPBRONBESTUUR (MA MHB)**  
**(Voltyds en Deeltyds)**

JAARMODULES		
MODULEKODE	KR	BESKRYWING
HRMA872	148	Verhandeling
HRMA874	16	Wetenskapberedenering
HRMA875	16	Mensontwikkeling
<b>TOTALE KREDIETE</b>	<b>180</b>	

**E.9.8.2.3 KURRIKULUM in ARBEIDSVERHOUDINGEBESTUUR**

**E.9.8.2.3.1 505145: E826P MCOM ARBEIDSVERHOUDINGEBESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS)**  
*(Hierdie kurrikulum het in 2010 begin)*

EN

**E.9.8.2.3.2 103186: E827P MA ARBEIDSVERHOUDINGEBESTUUR (VOLTYDS EN DEELTYDS)**  
*(Hierdie kurrikulum het in 2010 begin)*

MODULEKODE	BESKRYWING	KREDIETE
LARM 871	Verhandeling	180
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

**E.9.9 KURRIKULUMS IN DIE SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSAPPE**

**E.9.9.1 505129: E840P MCOM BESTUURSREKENMEESTERSKAP (GEDOSEER) (VOLTYDS EN DEELTYDS)**

MODULEKODE	BESKRYWING	KREDIETE
MACC873	Bestuursrekeningkunde: Skripsie	84
MACC874	Bestuursrekeningkunde: Gevorderde Finansiële Bestuur en -Strategie	48
MACC875	Bestuursrekeningkunde: Gevorderde Bestuursrekeningkunde en Besigheidstrategie	48
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

*\* Hierdie program sal slegs aangebied word indien daar volgens die komitee genoeg suksesvolle aansoekers is.*

E.9.9.2

505129: E841P

**MCOM BESTUURSREKENMEESTERSKAP  
(VERHANDELING) (VOLTYDS EN DEELTYDS)**

MODULEKODE	BESKRYWING	KREDIETE
MACC871	Bestuursrekeningkunde: Verhandeling	180
<b>TOTALE KREDIETE VIR DIE PROGRAM</b>		<b>180</b>

E.9.9.3

505130: E842P

**MCOM REKENMEESTERSKAP (VERHANDELING)  
(VOLTYDS EN DEELTYDS)**

MODULEKODE	BESKRYWING	KREDIETE
ACCC871	Rekeningkunde: Verhandeling	180
